SLUIT MY IN!

# EEN MILJOEN STEMME VAN HOOP-PETISIE

Sluit by ŉ miljoen stemme van regoor die wêreld aan om vervolgde Christene in Sirië en Irak te ondersteun en vir hulle te bid.

"Verlos ons, HERE onse God."
Psalm 106:47

**Ons doen ŉ beroep op die Verenigde Nasies om te verseker dat Christene en ander minderhede die volgende geniet:**

**1. Die reg tot gelyke burgerskap 2. Waardige lewensomstandighede 3. ŉ Prominente rol in die versoening en herbouing van die samelewing**

**Teken die petisie hier**

**Titel** **Naam** **Van** **Geboortedatum** *(indien onder 21)* D D M M J J **Adres** *Vul jou adres in om ŉ herinnering te ontvang om te bid.*

**Epos**
*Vul jou besonderhede in indien jy nie reeds eposse van Geopende Deure ontvang nie, en ons sal vir jou gereelde flitse stuur om jou te help bid.*

**Poskode**


**Teken die petisie hier**

**Titel** **Naam** **Van** **Geboortedatum** *(indien onder 21)* D D M M J J **Adres** *Vul jou adres in om ŉ herinnering te ontvang om te bid.*

**Epos**
*Vul jou besonderhede in indien jy nie reeds eposse van Geopende Deure ontvang nie, en ons sal vir jou gereelde flitse stuur om jou te help bid.*

**Poskode**

**Teken die petisie hier**

**Titel** **Naam** **Van** **Geboortedatum** *(indien onder 21)* D D M M J J **Adres** *Vul jou adres in om ŉ herinnering te ontvang om te bid.*

**Epos**
*Vul jou besonderhede in indien jy nie reeds eposse van Geopende Deure ontvang nie, en ons sal vir jou gereelde flitse stuur om jou te help bid.*

**Poskode**

**Teken die petisie hier**

**Titel** **Naam** **Van** **Geboortedatum** *(indien onder 21)* D D M M J J **Adres** *Vul jou adres in om ŉ herinnering te ontvang om te bid.*

**Epos**
*Vul jou besonderhede in indien jy nie reeds eposse van Geopende Deure ontvang nie, en ons sal vir jou gereelde flitse stuur om jou te help bid.*

**Poskode**

**Teken die petisie hier**

**Titel** **Naam** **Van** **Geboortedatum** *(indien onder 21)* D D M M J J **Adres** *Vul jou adres in om ŉ herinnering te ontvang om te bid.*

**Epos**
*Vul jou besonderhede in indien jy nie reeds eposse van Geopende Deure ontvang nie, en ons sal vir jou gereelde flitse stuur om jou te help bid.*

**Poskode**


CS_RS1706

**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Jy hoef nie jou besonderhede in te vul nie, tensy jy eposse van Geopende Deure wil ontvang.
Slegs jou handtekening is voldoende. Ons sal nie jou besonderhede aan ŉ derde party gee nie.

**OF JY KAN AANLYN TEKEN BY:**

**www.opendoors.org.za/afr/hoop**

# EEN MILJOEN STEMME VAN HOOP-PETISIE

# SLUIT MY IN!

"Verlos ons, HERE onse God, en versamel ons uit die nasies, dat ons U heilige Naam kan loof en ons beroem in U lof!"
Psalm 106:47

## DIT IS WAARVOOR ONS VRA

**Aan die Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies:**

**Die mense van Sirië en Irak staar ontsaglike lyding in die gesig, vanweë jare lange oorlog en gewelddadige onrus. Ons glo dat die lewens, bestaansmiddele en vryheid van alle mense in Sirië en Irak beskerm en gewaarborg moet word. Dit sluit die Christene in.**

**In beide van hierdie lande speel die Kerk al vir byna 2,000 jaar ŉ rol van uiterse belang in die samelewing en is vasberade om ŉ plek van hoop en ontferming te wees vir die jare wat kom. Tog word Christene steeds vervolg en deur aansienlike geweld geteiken; dringende verandering is nodig om vir hulle ŉ toekoms in hulle tuislande te verseker.**

**Ons kan nie net bystanders wees terwyl Christene en ander in die Midde-Ooste ongehoorde bedreiging in die gesig staar nie. Ons moet vir hulle hoop gee.**

**Daarom, versoek ons u om in te tree as bemiddelaar vir Christene en ander godsdienstige groepe in Sirië en Irak deur te:**

- **Verseker dat die huidige en toekomstige regsraamwerk in Sirië en Irak die gelyke en onvervreembare regte van al hulle burgers, afgesien van ras, geloof of ander status, ten volle bevorder en beskerm.**
- **Verseker dat lewensomstandighede waardig en aanhoudend verbeter word ten bate van alle burgers, maar veral vir vlugtelinge wat terugkeer en vir interne ontwortelde persone – insluitend die voorsiening van behoorlike behuising, onderwys en werksgeleenthede.**
- **Verseker dat godsdienstige leiers en geloofsgebaseerde organisasies geïdentifiseer word om ŉ konstruktiewe en sentrale rol te speel in die versoening en herbouing van beide die Siriese en Irakkese samelewings.**

## PETISIE V&A

**Hoekom moet ek dit onderteken?**
Siriese en Irakkese Christene het vir ons insig gegee in wat gedoen moet word om vir hulle ŉ toekoms in hulle lande te verseker. Hierdie werklik wêreldwye petisie is ŉ praktiese manier om te verseker dat hulle stemme gehoor en hulle toekoms gewaarborg word.

**Wat gaan julle met die petisie doen?**
In Desember 2017, gaan die Internasionale Geopende Deure-span en vennote hierdie petisie aan die nuwe Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies (VN) voorhou – die één persoon wat toesig het oor al die kwessies wat geopper word. Dit sal ŉ reuse impak maak indien ons dit op hulle agenda kan kry aan die begin van hulle ampstermyn. Verder sal kollegas en vennote om die wêreld heen ook hierdie noodkreet opper teenoor dié wat werklik op grondvlak ŉ verskil kan maak.

**Hoekom een miljoen?**
So ŉ noemenswaardige getal sal die impak vergroot wanneer ons dit aan die nuwe Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies (VN) in Desember 2017 voorhou. Verder sal dit ook ŉ duidelike boodskap aan Christene in die Midde-Ooste stuur dat hulle nie vergete is nie, maar dat hulle kan aansluit by soveel ander om die wêreld heen wat namens hulle voorspraak maak.

**Hoekom nou?**
Te danke aan almal wat ons Red Sirië petisie in 2013 geteken het, is Christene deur die VN herken as ŉ besonders kwesbare groep in die Siriese krisis. Maar nou wil Christene in Sirië en Irak hê dat mense op die hoogste vlakke moet besef watter bydrae hulle kan maak tot die positiewe herbouing van hulle nasies. Hulle wil ŉ rede hê om te bly – ŉ kans om huis toe te gaan. En hiervoor benodig hulle ŉ versekerde sin van hoop vir die toekoms: gelykheid, waardigheid en verantwoordelikheid.

**Sal dit ŉ verskil maak?**
Meer as 300,000 mense het ons 2013 Red Sirië-petisie geteken. Die lyding wat Christene in Irak en Sirië in die gesig gestaar het, is deur die VN herken en het wyd bekend geraak. In 2010 is die "Right to Believe"-petisie deur meer as 428,000 mense onderteken – ŉ veldtog teen die VN se 'belastering van gelowe'-voorstel. Hierdie voorstel is sedert 2012 nog nie weer ter tafel gelê nie – ŉ groot oorwinning vir geloofsvryheid. Hierdie veldtogte is ŉ bewys van hoe voorspraak ŉ werklike verskil kan maak. Saam met jou is ons stem harder en duideliker wanneer ons dié nader wat geposisioneer is om seker te maak dat die aanbevelings van hierdie veldtog gehoor word. Bowendien het ons ook ŉ Advokaat in die hemel – gebed en voorspraak is ŉ kragtige en belangrike kombinasie.

**Hoekom moet ek my eposadres verskaf?**
Dit is nie nodig om jou eposadres te verskaf indien jy reeds kommunikasie van Geopende Deure ontvang nie; ons sal jou deur ons gewone kommunikasie op hoogte hou van die veldtog. Indien jy nog nie kommunikasie ontvang nie, sal ons jou graag op hoogte wil hou van nuus oor die veldtog en wat met Christene in Sirië, Irak en ander dele van die wêreld gebeur. Jou adres sal nie met enige derde party gedeel word nie.

**Hoe is daar besluit op die inhoud van die petisie?**
Tussen September 2015 en April 2016 het ons uitgebreide konsultasies met Christene in Sirië en Irak gehad om te vas te stel hoe hulle hul rol in die samelewing verstaan en hoe ons saam met hulle kan staan. Die gevolglike aanbevelings het die inhoud van dié petisie bepaal.

**Wat kan ek nog doen?**
Lig asseblief jou stem na ons Advokaat in die hemel en bid vir Christene in Sirië en Irak. Jy kan ook voorspraak maak en jou vriende en familie vra om die petisie te onderteken. Verder kan jy ook ŉ donasie maak om voortdurende praktiese ondersteuning aan ontwortelde families in Sirië en Irak te voorsien.

**Wat doen Geopende Deure?**
Geopende Deure is aktief in meer as 60 lande en verskaf Bybels, dissipelskap en bestaansopleiding, traumasorg en noodleniging om sodoende Christene wat vir hulle geloof vervolg word te ondersteun.

Geopende *Deure*
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Geopende Deure – Open Doors (Ingelyf Kragtens Artikel 21)
Reg. Nr: 2004/023397/08 - PBO Nr: 930011129

**BESORG ASSEBLIEF DIE VOLTOOIDE VORM DRINGEND TERUG AAN:**

**Open Doors/Geopende Deure, Freepost No. JHZ 1819, Cresta, 2118 (Geen posgeld benodig nie)**